

# REEKS: GOD IS...

## KLEINGROEP ONTMOETING 6

### God is... regverdig



#### A: KOFFIE

Elkeen kry 'n koppie koffie in die hand – deel met mekaar hoe julle dag/week was.

#### B: GEBED

Iemand wat bereid is, kan met 'n kort gebed open.



#### C: VIDEO-GREEP

Kyk saam na die volgende 15 min video van Rob Bell 16: Store <https://www.youtube.com/watch?v=ok7oCMU1efU>

#### D: WANDEL IN DIE WOORD

Vra iemand om die volgende te lees:

##### Teks gedeelte: Markus 3:1-5

<sup>1</sup>Jesus het weer na die sinagoge toe gegaan. Daar was 'n man met 'n gebrekklike hand. <sup>2</sup>Die Fariseërs het vir Jesus dopgehou om te sien of Hy hom op die sabbatdag sou gesond maak, sodat hulle vir Jesus daarvoor kon aankla. <sup>3</sup>Hy sê toe vir die man met die gebrekklike hand: “Staan op hier tussen hulle!” <sup>4</sup>Daarna vra Hy vir hulle: “Mag 'n mens op die sabbatdag goed doen of kwaad doen, iemand red of doodmaak?” Hulle het egter niks gesê nie. <sup>5</sup>Hy het hulle rondom Hom kwaad aangekyk en was diep bedroef oor hulle verhardheid. Hy sê toe vir die man: “Steek jou hand uit!” Hy het sy hand uitgesteek en dit was gesond.

##### Nog teksgedeeltes:

Ps 5:5 ; Ps 145:17; Rom 4:5, Markus 11:15-19



#### E: GESELS SAAM

Maak beurte in die groep om oor 1 of meer van die volgende te gesels:

1. Hoe bepaal ons wat is reg en onreg?
2. Hoe reageer Jesus op onreg?
3. Wat is die dinge in jou lewe waarvoor jy kwaad word, maar wat eintlik nie saak maak nie?
4. Wat is die dinge in jou lewe waarvoor jy wel moet kwaad word en voor baklei?
5. Wat is die prys wat jy bereid is om te betaal om op te staan vir wat reg is?

#### F: UITDAGING VIR DIE WEEK

Groep besluit self op 'n aktiwiteit om hierdie week se boodskap prakties uit te leef. Fokus op reg en onreg.

**Voorbeelde:** Maak 'n lys van wat werklik saak maak. Waar moet julle betrokke raak om seker te maak "reg" geskied? Dalk kan die volgende lied julle 'n paar idees gee: Casting Crowns – Start Right Here

<https://youtu.be/wGvfagBOHJE>

#### G: GEBED & SAAMKUIER

Vra vir spesifieke gebedsversoeke. Gee geleentheid vir gebed. Kuier nog bietjie saam 😊



# REEKS: GOD IS...

## KLEINGROEP ONTMOETING 6

### God is... regverdig GESPRESRIGLYNE (Ds Cor Swart)



#### ONTHOU...

Die volgende riglyne kan help om moeilike vrae in die gesprek te hanteer asook om saam te groei in ons geloof en verstaan van God:

In Markus 3:1-5 word God se karakter van regverdigheid geïllustreer. Wanneer ons sê God is regverdig (Ps 145:17), beteken dit **God is vir dit wat reg is**. Dit impliseer dat God teen onreg is (dit wat verkeerd is!). Psalm 5:5 bevestig dit: *“U is nie 'n God wat onreg verdra nie, die kwaad het by U geen plek nie.”*

In ons teks lees ons van 'n man met 'n gebrekkige hand. Dit was nie verkeerd om iemand wie se lewe in gevaar was, op die Sabbatdag te genees nie. Hierdie man kom al lank met sy arm en hand wat uitgeteer en kromgetrek was. Sy lewe is dus nie in gevaar nie. Indien Jesus letterlik die wet toepas, was dit gepas om 'n dag of twee te wag voor Hy die man genees (wat die Fariseërs se opinie was). Jesus onderskei egter nie net tussen goed doen (reg) en kwaad doen (onreg) nie, maar ook tussen iemand red of doodmaak. Die reg wat Jesus bring, bepaal net net fisiese welstand nie, maar ook geestelike welstand. In Romeine 4:5 bevestig Paulus dat dit wat Jesus vir ons doen meer behels as wetsonderhouding: *“Maar die mens wat nie op wetsonderhouding staatmaak nie, maar wat glo in Hom wat die goddelose vryspreek, hy kry die vryspraak deur sy geloof.”*

Die onreg in die Fariseërs se harte is dat terwyl hulle onbesorg is oor 'n man wat hunker na genesing en Jesus veroordeel omdat Hy die Sabbatsgebod volgens hulle wette oortree, hulle self beplan om Jesus dood te maak (lees vers 6). Hierdie onreg en liefdeloosheid maak Jesus kwaad.

Ons as gelowiges moet leer om nie oor nietighede kwaad te word nie, maar oor onreg en liefdeloosheid. In Markus 11:15-19 lees ons van nog 'n voorbeeld waar Jesus die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers omgooi en hulle uit die tempel jaag. Jesus is ongelukkig omdat “God se huis van gebed” (reg) in 'n “rowersnes” (onreg) verander word. Jesus kan hierdie onreg nie toelaat nie. Ook in hierdie gedeelte is die reaksie van die priesterhoofde en skrifgeleerdes om Jesus te probeer doodmaak. Om op te staan vir wat reg is, om op te staan vir God, kom dikwels met 'n duur prys.

